

Publication: Burger, Die (Oos-Kaap) (Forum)
Publication Date: 05 Feb 2019
Page: 7

AVE: 20681.40
Circulation: 7783
Part: 1 of 1

# Uil vlieg eers skemertyd

**Aktueel**



Anton van Niekerk




**Elana Barkhuizen, gr. R-onderwyseres in Schweizer-Reneke.** Foto: DEON RAATH/RAPPORT

Dit is taamlik onwaarskynlik dat veel meer mense as haar naaste kennisse ooit die naam Elana Barkhuizen sou geken het.

Gr. R-onderwyseresse, veral op 'n weggesteekte, diep-plattelandse dorpie soos Schweizer-Reneke in Noordwes, is normaalweg nie mense wat wyer bekendheid verwerf nie.

Tot die aanbreek van die gewraakte eerste skooldag van 2019. Sy neem te goeder trou 'n foto van haar kleuterskoolkollega se klaskamer met die nuwe kinders, skynbaar met die bedoeling om dit vir ouers te stuur wat 'n uur gelede van die huilende bloedjies afskeid geneem het.

Sonder, ook, om te besef wat die reaksie sal wees van swart ouers (deel van die WhatsApp-groep) as hulle hul nuwelinge apart van die res sien sit.

Toe bars alle hel los. Barkhuizen word behandel asof sy een of ander heks is wat domastrant bereid is om apartheid te handhaaf tot op die vlak van die sitplekke van gr. R-kleuters.

Woedende ouers begin betoog op die skoolterrein.

Die LUR vir onderwys haas hom na Schweizer-Reneke en skors Barkhuizen summier.

AfriForum gryp in en bring 'n hofaansoek dat Barkhuizen wederregtelik geskors is. Die regter gee hulle en Barkhuizen gelyk. Sy word weer aangestel en pronk nou op ongeveer elke voorblad in die land.

Die stof het uiteindelik gaan lê en die son het genadiglik begin sak oor hierdie verstommende tragikomedie.

Die filosoof G.W.F. Hegel skryf op 'n keer dat die uil van Minerva – simbool van die mens se soeke na wysheid – eers uitvlieg wanneer die aandskemering daal.

Niemand kan Barkhuizen en Schweizer se storie ongedaan maak nie. Maar ons kan en moet iets daaruit probeer leer; die Minerva-uil sal ons nie vrugteloos laat rondfladder nie.

Vir wat dit werd is: Hier is die drie lesse wat ek daaruit geleer het:

■ Haas jou langsaam. Moenie te vinnig skrik, skree, skel of stilstuipe kry nie. Stel eers betroubaar vas wat het werklik gebeur voor die brandstapel aangesteek word. So nie, is die eier op jou gesig, meneer die LUR, en nie op dié van die jong vrou wat miskien nie al die implikasies van haar daad deeglik deurdink het nie, maar wat op haar eie, opregte manier bloot goed probeer doen het.

■ Dis egter nie slegs die LUR en die woedende ouers wat iets het om te leer nie. Ook Barkhuizen, en almal wat met haar simpatiseer, het iets om te leer.

Hier kom dit: Vermy die verpestelike sosiale media! Waarom altyd gryp na jou selfoon die oomblik wanneer die geringste dingetjie gebeur? Hoe het dit gekom dat Barkhuizen en haar geslag hul lewens via sosiale media so verbete in die openbaar wil voer?

Ek weet ek klink nou soos 'n ou man, maar ek kan dit eenvoudig nie verstaan dat alles wat in 'n mens se lewe gebeur, vertel of afgeneem moet word nie.

Bring privaatheid terug in die lewe – privaatheid is nie verniet ingevolge ons Grondwet 'n reg nie!

■ Naas die LUR en Barkhuizen (en haar generasie) moet die res van ons in hierdie land, veral as ons velle wit is, ook iets hieruit leer.

Daar is 'n rede waarom swart ouers toeslaan as dit net lyk asof wit en swart weer berekend geskei word. Natuurlik het baie ouers en die LUR oorreageer. Die pyn lê egter vlak.

Ons swart mede-Suid-Afrikaners in hierdie land het seergekry in ons gemeenskaplike verlede – veel seerder as wat ons wit mense ooit kan besef.

Daardie wond is nog rou. Moenie selfs eers die (wan)indruk skep dat ons daardie wond weer wil oopkrap nie.

**■ Van Niekerk is professor in filosofie en direkteur van die sentrum vir toegepaste etiek aan die Universiteit Stellenbosch.**

This article is copyright protected and licensed under agreement with DALRO. Redistribution, modification, re-sale of this is not allowed without prior written consent of the original author of the works.